



**Rietfluit familiebrief** **OKTOBER 2005**

# 2005 Jeugjaar



**Saamstaan, ondersteuning en medewerking die resep vir jeugontwikkeling en groei.**

Kinders en jongmense het ‘n gesonde huisopset nodig. Mag ons huise/gesinne van so ‘n aard wees:

- ‘n plek waar ons moeite doen om te verstaan hoe ander voel; dis ‘n plek waar ons saam huil en saam lag.
- ‘n plek waar ons almal vry voel om eerlik te sê hoe ons voel sonder om ander daardeur seer te maak.
- Ons is lief vir mekaar, glo in mekaar, help mekaar en speel saam.
- Ons hou ons huis redelik ordelik sodat dit leefbaar en gerieflik kan wees.
- Ons is verstandig ten opsigte van wat ons eet, lees, kyk en doen.
- Ons help mekaar om die talente te ontwikkel wat God vir elkeen van ons gegee het.
- Ons het God lief en aanbid en loof Hom saam.
- Ons het respek vir ander mense en hulle besittings en is goed vir hulle.

# JEUGBEDIENING



**Afsluitingsfunksie:**
Sondag, 20 November om 19:45 in saal ná Kerssangdiens.

**Sertifikate:**
Die kinders sal dit in die loop van November ontvang.


**Jeuggroepe:**
Jeuggroepe sluit af op Sondagaand, 20 November, en begin weer D.V. op 15 Januarie 2006 om 18:00.

# KINDERBEDIENING



**Ouers met babas en klein kinders:**

**U weet dat u so *WELKOM* is in die eredienste – u kan in die kerkgebou sit, in die moederskamer of in die konsistorie. U is ook welkom om tydens die skoolkwartale saam met u kind die Kindererediens in die saal by te woon. Daar word tans gekyk na moontlikhede om die geriewe ten opsigte van die moederskamer te verbeter – inligting hieroor sal later beskikbaar wees.**



**Kleuterkerk (3 jr – gr 0) en Junior Kategese (gr 1 – 6):**

**Sertifikate:**
Die kinders se sertifikate vir bywoning word op Sondagoggend, 20 November om 9:00, in die saal uitgedeel.



**Afsluitingsfunksie:**
Die Kategese-afsluitingsfunksie is op Sondagaand, 20 November om 19:45, in die saal (net ná die Kerssangdiens).



**Geskenkies ten opsigte van Gesamentlike Kinderdienste (voorskoolse en laerskool-kinders):**
Al die kaarte met plakkertjies moet by tannie Malinda Rademeyer of Madelene Hughes ingehandig word. Die kinders wat die meeste dienste bygewoon het, sal op die aand van 20 November geskenkies kry.

**Kindererediens en Junior Kategese afsluiting:**
Die afsluiting vind plaas op 20 November en begin weer D.V. op 15 Januarie 2006 om 09:00.

---



## Oase vir Ouers

### *1 Gebede van ouers maak 'n verskil*

Staan dwarsdeur die nag op en roep,
Stort voor die Here jou hart uit soos water,
Strek jou hande uit en bid om die lewe van jou kinders (Klaagl. 2:19)

Wat is jou grootste ideale vir jou kinders ?...Om goed opgevoed, slim, ryk, suksesvol, gesond, mooi of oulik te wees ?

Vir ons as christenouers is die grootste begeerte en doel dat ons kinders die Here sal ken, gelukkige kinders van God sal wees, Hom met oorgawe sal dien en al meer soos Christus sal word. Wanneer ons bid en werk hiervoor dan is ons in pas met God se plan vir ons kinders se lewe.

Wanneer ons hiervolgens bid kan ons reken op God se verhoring van ons gebede, want hy verhoor wanneer ons volgens Sy wil vra (1 Joh 5:14).

Een van die grootste vreugdes van ouerskap is die wete dat alles nie van onsself afhang nie.
Ons kan staatmaak op die krag van die Heilige Gees (Hutchcraft)

## *2 Beperkinge van ouers*

I gave you life, but I cannot live it for you.
I can teach you things, but I cannot make you learn.
I can give you directions, but I cannot be there to lead you.
I can allow you freedom, but I cannot account for it.
I can take you to church, but I cannot make you believe.
I can teach you right and wrong, but I cannot decide for you.
I can buy you a beautiful garment, but I cannot make you beautiful inside.
I can offer you advice, but I cannot accept it for you.
I can give you love, but I cannot force it upon you.
I can teach you to share, but I cannot make you unselfish.
I can teach you respect, but I cannot force you to show honour.
I can advise you about friends, but I cannot choose them for you.
I can advise you about sex, but I cannot keep you pure.
I can tell you the facts of life, but I can't build your reputation.
I can tell you about drink, but I can't say "No" for you.
I can warn you about drugs, but I can't prevent you from using them.
I can tell you about lofty goals, but I can't achieve them for you.
I can teach you about kindness, but I can't force you to be gracious.
I can warn you about sins, but I cannot make you moral.
I can love you as a child, but I cannot place you in God's family.
I can pray for you, but I cannot make you walk with God.
I can teach you about Jesus, but I cannot make Jesus your Lord.
I can tell you how to live, but I cannot give you eternal life.
(uit 'n AE Update newsletter, Januarie 1989).

Staan sterk in julle ouerskap!
*Ds Leon van Heerden*





*****************************************************************************************************

## SPESIALE DEURKOLLEKTE



Kom ons versterk die hande van ons mede-gelowiges deur 'n Spesiale deurkollekte vir die NG Gemeentes in Zimbabwe op Sondagaand, 20 November tydens die Kerssangdiens. Ondersteun hierdie saak asb ruimhartig - daar is werklik nood!


---



## EREDIENSBEDIENING

Wil jy nie oorweeg om deel te word van die Erediensbediening nie? Skakel asb. vir: ds. Leon van Heerden (331 3023) of Karin van Schalkwyk (331 8077)

---




## SENDINGWEEK 2006

Teken nou al die datums aan vir ons Sendingweek: ***Sondag, 19 Februarie 2006*** (oggend en aand), ***Maandag, 20 Februarie tot Woensdag, 22 Januarie*** en ***Sondag, 26 Februarie 2006***. Op hierdie laaste Sondag van die Sendingweek word die Geloofsofferbelofte weer opgeneem.

Dankie vir almal wat alreeds hiertoe bydra om ons in staat te stel om sendingwerk in Laudium, Limpopo, Mosambiek, Frankryk, Kambodja en in Koerdistan te ondersteun. Mag ons deur die Geloofsbelofte-offers voortgaan om op hierdie wyse betrokke te wees by die uitdra van die evangelie van Jesus Christus.

Net weer ter herinnering: wat is 'n Geloofofferbelofte:

- *Gebaseer op 'n Bybelse beginsel (sien 2 Kor. 8, 9).*
- *Om God te vra vir leiding ten opsigte van die bedrag.*
- *Om God biddend vir daardie bedrag te vertrou.*
- *Om die vreugde van God se getroue voorsiening te smaak.*
- *Om dit deur die plaaslike gemeente vir 'n spesifieke sendingorganisasie of sendelinge kanaliseer.*
- *Om deel te wees van God se plan om die verlore wêreld met die Goeie Nuus van Verlossing te bereik.*

- *Bo en behalwe die tiende wat aan die plaaslike gemeente behoort.*

**“Ek het probeer om self te gaan; trouens, ek was op die sendingveld, maar elke keer het dinge so ‘n loop geneem dat ek moes terugkom. Ek het toe geweet dat daar slegs een ding was om te doen, naamlik om ANDER TE STUUR.” Oswald J Smith “The Challenge of Missions”, bl 32**

***‘n Geloofsoffer is ‘n belofte wat aan God gemaak word. Dis ‘n persoonlike offer wat in die geloof gemaak word met die verwagting dat God jou wil gebruik as instrument, om finansies te voorsien vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.***

My gebed is dat, terwyl jy dit lees, jy aangemoedig, geïnspireer en entoesiasties sal raak om ons gemeente in 2006 nog meer betrokke te kry by sendingwerk hier plaaslik sowel as tot in die uithoeke van die wêreld.

.